Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2155 26 Februarie 2021

Afrikaner-leerlinge styg uit

Hoër Meisieskool Oranje in Bloemfontein

Met die 2020 matriekuitslae wat bekend gemaak is, het dit duidelik geblyk dat veral Afrikaner-leerlinge uitgestyg het en uitstekend presteer het.

Die leier van die HNP, mnr. Andries Breytenbach, het daardie leerlinge gelukgewens met hulle prestasies, en die hoop uitgespreek dat hulle hul talente in diens van die Afrikanervolk sal aanwend. “As daardie jongmense, die leiers van more, ‘n bydrae tot die Afrikaners gaan maak, is daar hoop vir ons volk se toekoms,” sê mnr. Breytenbach.

Hy het ook sy gelukwense aan die BCVO uitgespreek met hulle slaagsyfer van by die 99%, wat ten spyte van die moeilike Covid-jaar hoër was as die vorige jaar. Die aantal onderskeidings het ook toegeneem. Hoër Meisieskool Oranje in Bloemfontein, het ook ‘n 100% slaagsyfer gehad, terwyl dié skool spog met talle leerlinge wat nege en agt onderskeidings gehad het. “Daardie skool verdien ook eervolle vermelding,” sê mnr. Breytenbach.

Mnr. Breytenbach sê dit is duidelik dat die Afrikaner-leerlinge nie dieselfde is en gelyk gestel kan word aan die ander leerlinge nie. Hulle het hulle nie deur omstandighede laat onderkry nie en deurentyd hard bly werk om hierdie besondere resultate te kon behaal.

Die tragedie is egter dat talle van hierdie uiters bekwame leerlinge, waarvan talle hulle in die mediese beroep wil bekwaam, waarskynlik nie eens keuring gaan kry nie vanweë hulle velkleur, en die gevaar bestaan dat daardie jongmense die land kan verlaat. Die Suid-Afrikaanse omgewing, met sy swart bevoordeling onder “affirmative action” en swart ekonomiese bemagtiging, is uiters onvriendelik vir hierdie skoolverlaters.

Reynhard Buys van Port Elizabeth was die topmatrikulant van die staatskole se Umalusi eksamen. Ander name wat uitgeblink het sluit in Klarissa Swanepoel van Kempton Park, en Carli Viljoen en Janel du Toit van Hoërskool Menlopark wat al drie soveel soos nege A-simbole behaal het. Ook in die Vrystaat het drie Afrikaner-leerlinge nege A’s gekry.

Ten spyte van die talle Afrikaner-leerlinge wat uitstekend presteer het, het die slaagsyfer van die staatskole in geheel gedaal met 5,1% van die vorige jaar se 81,3% tot 76,2% hierdie jaar.

Covid kan nie alleen die blaam hiervoor dra nie, maar die feit dat onderwysers net wegbly of staak, en die feit dat skole gevandaliseer word, speel ook ‘n groot rol hierin. Daarteenoor het die personeel van Afrikaanse skole hulle uitstekend van hul taak gekwyt en seker gemaak dat hul leerlinge met hul werk kon voortgaan. Dit is ‘n verdere bewys dat die verskillende bevolkingsgroepe eenvoudig nie saam hoort nie.

Die Redakteur

Help mekaar

'n Onlangse berig in *Rapport* wys uit hoe mense met Afrikaanse name en vanne deel is van aksies teen Kleinfontein, die Afrikanerdorp oos van Pretoria. Kleinfontein val deesdae binne die munisipale gebied, "Tshwane", en die klagte is nou dat Kleinfontein nie genoeg munisipale belasting aan die groter Pretoria betaal nie.

Die feit dat Kleinfontein totaal onafhanklik is en geen enkele diens van "Tshwane" kry nie, tel skynbaar nie. Dié oënskynlike Afrikaners wat nou help aandring dat Kleinfontein se belastinglas verhoog moet word, hou ook nie rekening met die feit dat "Tshwane" self verlam is deur korrupsie en diefstal en politieke toutrekkery en binnegevegte nie. Hulle dring daarop aan dat goeie Afrikanergeld van 'n plek wat deur suiwer private inisiatief en kapitaal gebou is, en waar die infrastruktuur self daargestel is, in die "Tshwane"-put moet beland, sodat Eersterus, Mamelodi en Atteridgeville nog verder agter kan raak met hulle rekenings vir dienste wat hulle wél kry, in teenstelling met Kleinfontein.

Optrede soos dié, deur mense wat as ons eie mense geklassifiseer behoort te word, is betreurenswaardig, om dit sagkens te stel. Daar is selfs 'n raadslid met 'n Afrikaanse naam en van wat Kleinfontein hof toe wil vat, omdat hulle 'n dorp het op gesoneerde landbougrond.

Wanneer daar iewers gepraat word van korrupsie en diefstal, en 'n Afrikanernaam duik op, behoort die gevoel te wees dat sou dié persoon skuldig bevind word aan sodanige klagte, hulle swaarder gestraf moet word, want mens verwag van hulle om van beter te weet en om nie ingesleep te word in die oënskynlike tradisie van die Zumas en Guptas van die samelewing nie. Dieselfde gevoel van wrewel ontstaan as sodanige mense iets doen om goeie en skadelose inisiatiewe soos Kleinfontein of Orania te benadeel, waarskynlik ter wille van politieke korrektheid met die hoop om guns te kry by die volksvreemde heersers van die oomblik.

Nou het talle Afrikaner-matrikulante skitterende uitslae behaal en wil graag verder studeer met die oog daarop om 'n toekoms te bou en 'n bydrae tot die samelewing te lewer. Talle van hulle het nog geen keuring vir bepaalde studierigtings gekry nie. Dalk gaan hulle nie, en 'n mens kan tog net hoop dat daar nie "eie mense" is wat die keuring moet doen en dan ook ter wille van politieke agendas van die vyand, daardie knap jong Afrikaners se geleenthede opmors nie.

Dit het pas aan die lig gekom dat die werkloosheidskoers verder gestyg het en dat meer as elf miljoen mense sonder werk sit. Baie van die pasgeslaagde matrieks, wat om een of ander rede nie kan studeer nie, gaan daardie werkloosheidsyfer verder laat groei. Minimum lone wat veral vir die landbousektor die hoogte in gaan skiet na 'n 16% verhoging, gaan die werkloosheidsyfer nog verder opjaag.

Intussen is daar die een prysstyging na die ander. Tolgelde styg, belasting op alkohol en tabak styg, brandstofpryse styg, munisipale dienste en heffings styg, elektrisiteit styg, en so kan ons voortgaan. Vir die gemiddelde werkgewer raak al hierdie sake net te veel, en dan word hulle bowendien deur swart bevoordelingsregulasies gedwing om swartes in diens te neem op grond van velkleur, ongeag die kwalifikasie, bekwaamheid of selfs produktiwiteit.

In tye soos hierdie behoort ons eerder mekaar te help. Daardie geslaagde Afrikaner-matrikulant, hetsy met of sonder enige onderskeidings, het 'n basiese kennis maar hy gaan geen werk sommer kry nie omdat hy wit is. Ons het 'n plig om daardie mense te help, en Afrikaners onderling, behoort mekaar te help in plaas daarvan om mekaar verder te vertrap in die stinkende modder van FW de Klerk en die ANC se "nuwe" Suid-Afrika. Ondersteun eerstewêreld inisiatiewe soos Kleinfontein en Orania, en brei dit uit, sodat daar vir ons kinders werksgeleenthede geskep gaan kan word. Help ons jeug om hul voete te vind. Hulle is opgewonde om klaar te wees met skool, kom ons help hulle om opgewonde oor 'n toekoms in ons eie omgewing en ekonomie te word, want daar is volhoubaarheid en in die ANC se bestel is daar geen volhoubaarheid nie.

En laat ons die moderne Hanskakies gerus aan die kaak stel vir wie en wat hulle is.

So is ons verraai (36)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (26)

KODESA, referendum en "voortrollende massa-aksie": 1991 – 1992

Die eerste gesprekke nadat FW de Klerk die ANC ontban het, het die "Groote Schuur Minuut" tot gevolg gehad, wat hy in Mei 1990 met die ANC gesluit het. Dit het voorsiening gemaak vir die vrylating van "politieke gevangenes" (sonder om te spesifiseer presies wie daarvoor sou kwalifiseer), die terugkeer van aktiviste wat die land verlaat het en die opheffing van die noodtoestand (behalwe in Natal). Etlike maande later, gedurende Februarie 1991, het De Klerk 'n verdere ooreenkoms met die ANC aangegaan: die sogenaamde "DF Malan-akkoord". Hierdie ooreenkoms sou nie net die ontslape voormalige eerste minister in sy graf laat omdraai het nie, maar sou ook sy kiesers se hare laat rys het, daarom is die inhoud daarvan geheim gehou. Die ooreenkoms het die ANC toegelaat om sy private leër, Umkhonto we Sizwe, te behou. Hierdie leër (wat op daardie tydstip besig was om 'n burgeroorlog teen die staat se veiligheidsmagte en die ANC se swart politieke opponente te voer), sou ook nie amptelik deur die regering as 'n private leër beskou word nie. (*Mandela: 694; Sparks: 96, 102*).

Teen Julie 1991 het Nelson Mandela vir Oliver Tambo as president van die ANC vervang en in Oktober van dieselfde jaar het die ANC die pad vorentoe uitgestippel:

1. Die eerste stap sou wees om 'n veelparty onderhandelingskonferensie met die volgende drie funksies byeen te roep:

i. om 'n tussentydse grondwet te beding;

ii. om die beginsels waarop 'n finale grondwet sou berus, te bepaal; en

iii. om 'n oorgangsregering saam te stel om die finale stadium van die oorgangsproses te beheer totdat die eerste "een persoon, een stem"-verkiesing gehou sou word.

2. Nadat so 'n verkiesing kragtens die tussentydse grondwet plaasgevind het, sou die nuwe veelrassige regering terselfdertyd ook as 'n Grondwetgewende Vergadering optree en die finale grondwet opstel ooreenkomstig die konstitusionele beginsels waarop die veelparty onderhandelingskonferensie besluit het (*Sparks: 100*).

Een van die ANC se eise om tot die onderhandelings toe te tree, was 'n algemene amnestie vir al die politieke oortredings wat tot en met 8 Oktober 1990 in Suid-Afrika of in ballingskap, gepleeg is. Die amnestie is natuurlik toegestaan en meteens was die ANC vry van enige aanspreeklikheid vir al die duisende gruweldade wat hulle gepleeg het, insluitend dié teen sy eie swart uitgewekenes. (*Mzimela: 47*).

Die voorgestelde veelpartyonderhandelingskonferensie, (bekend as die Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika of "KODESA", het op 21 Desember 1991 met 228 afgevaardigdes wat 19 politieke partye verteenwoordig het, by die Wêreld Handelsentrumkompleks in Kempton Park vergader. Die byeenkoms, later bekend as KODESA 1, het uit die staanspoor geen deelname van die amptelike opposisie in die parlement (die KP), sowel as ander Boere-Afrikanergroepe wat na selfbeskikking gestreef het, soos die AWB, HNP en andere, gehad nie. Dat hierdie Boere-Afrikanergroepe meer as genoeg rede gehad het om die "onderhandelinge" te boikot, het reeds uit die eerste dag se samesprekings geblyk toe KODESA 1 'n Verklaring van Voorneme gepromulgeer het wat alle deelnemers daartoe verbind het om 'n onverdeelde Suid-Afrika te

(Vervolg op bladsy 4)

Apartheid

(Van bladsy 3)

ondersteun... territoriale selfbeskikking was dus van die tafel gevee selfs nog voor onderhandelinge begin het. Daar was ook ander leiers en bevolkingsgroepe wat KODESA 1 geboikot het, onder andere hoofman Buthelezi van die Kwa Zulu Tuisland, alhoewel hy 'n Inkatha-afvaardiging gestuur het, maar dié het dadelik geweier om die Verklaring van Voorneme en die aandrang op 'n onverdeelde Suid-Afrika te teken (*Mandela: 694,712-714; Sparks:100-101; Jonker:138*).

Uit KODESA 1 het vyf werkgroepe ontstaan wat enkele weke later sou begin om verskeie onderwerpe te bespreek ter voorbereiding vir KODESA 2, wat vir Mei 1992 beplan was. Besluite sou deur middel van "voldoende konsensus" geneem word. Dié vreemde term is nooit ordentlik gedefinieer nie; maar in die praktyk het dit beteken dat KODESA die besluitnemingsforum vir die NP/ANC/SA Kommunistiese Party geword het en 'n patroon vir alle toekomstige onderhandelinge gevestig het. Die SA Kommunistiese Party, met sy geringe ledetal is op die rug van die ANC in hierdie besluitnemingsforum ingedra: 37 van die 50 Nasionale Uitvoerende Komiteelede was in daardie stadium ook lede van die Kommunistiese Party (*Mandela: 714; Citizen: 8 Julie 1991*).

Intussen het die druk op De Klerk toegeneem en die tekens was onmiskenbaar dat hy vinnig besig was om steun van die blanke kiesers te verloor. In drie opeenvolgende tussenverkiesings het die KP die NP verslaan en daarmee sy parlementêre verteenwoordiging van 41 na 44 vermeerder. De Klerk het geantwoord deur 'n blanke referendum vir 17 Maart 1992 uit te roep waarin kiesers op die volgende vraag moes antwoord:

Ondersteun u voortsetting van die proses van hervorming wat die Staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat gerig is op 'n nuwe grondwet deur onderhandeling?

Die veldtog vir 'n "ja"-stem is nie alleen deur politieke partye soos die NP gevoer nie — dit was inderdaad 'n geveg wat hoofsaaklik deur die media gevoer was. Die laaste tien dae voor die referendum is paslik as "tien dae van sielkundige terreur" beskryf (*Jonker: 168-169*): Dag en nag het 'n formidabele spervuur van propaganda deur die amptelike uitsaaiers en die hoofstroommedia in Suid-Afrika en die buiteland, 'n vreespsigose onder kiesers geskep deur aaklige bloedbaddens en tallose ander ondenkbare verskriklike gevolge aan hulle voor te hou indien die "nee"-stem die referendum sou wen. Dit is natuurlik aangevul met hernude leuens van die NP oor wat 'n post-apartheid bedeling sou behels: (*"Onderhandelinge — Ja; meerderheidsregering — nooit!"; "JA hiervoor"; "Stem JA vir die toekoms van Suid-Afrika"; "Die redes vir jou JA"*): — al die gewone beloftes van magsdeling, roterende presidente, ensovoorts. Die meerderheid van blanke Suid-Afrikaners, 1 924 187, het "ja" gestem teenoor 875 619 — bykans een derde — wat "nee" gestem het (*Van Zyl Slabbert:45; Jonker: 170*).

Die referendum was in werklikheid 'n futiele oefening reg van die begin af, want dit het slegs die mandaat wat die NP alreeds in die 1987 en 1989 verkiesings verkry het, bevestig, naamlik die beginsel van voortgesette onderhandeling met swart Suid-Afrikaners met die oog op 'n post-apartheid konstitusionele bedeling. **Dit was egter die resultaat van sodanige onderhandelings, soos wat De Klerk en die NP in hulle 1987- en 1989-mandate beloof het wat aan die kiesers-korps vir goedkeuring voorgelê moes gewees het, en sou dit afgekeur word, sou die NP "teruggaan na die tekenbord". DIT het nooit gebeur nie!**

(Word vervolg)

HNP se landposadres
Posbus 18826, Pretoria-Noord, 0116

Jaarlikse Begrotingsrede: 24 Februarie 2021

Dolf Buitendach

Daar is gewoonlik verskillende reaksies op die minister van finansies se jaarlikse begrotingsrede. Die een reaksie is dat, ten spyte van wat gesê word, niks in elk geval deurgevoer word nie. Daar is nogtans een aankondiging op die begroting wat stiptelik, net soos plekke se naamsveranderings, deurgevoer word en dit is belastingveranderings.

Die Covid-19 epidemie het 'n groot invloed op die staatsinkomste en staatskuld. Bykomende staatslenings om Covid-19 te beveg het gehelp om nuwe korrupte inkomste vir die regering en sy vriende te skep. Die lae ekonomiese groeikoers, wat al vir jare struikel, het met Covid-19 verder verswak. Staatsinkomste het weens laer ekonomiese groei en inperking van besighede en werksgeleenthede die inkomste potensiaal uit belasting verlaag. Asof dit nie genoeg is nie het beperkings op drank- en sigaretverkope, met die besonder hoë belastingheffings, 'n groot verlies aan inkomste vir die staat veroorsaak. Die afname in toerisme, wat 'n groot buitelandse valuta verdiener is, het die probleem verder vererger.

Tito Mboweni se begrotingsrede, met die minimale beweegruimte moet teen bogemelde agtergrond beoordeel word. Hy het in sy toespraak na die invloed van Covid-19 verwys en uitgewys dat die belastinginkomste vir die jaar aansienlik gedaal het tot 'n verwagte R1,52-triljoen inkomste.

Die hoofelemente in die toespraak betreffende staatsinkomste is dat korporatiewe belasting verlaag na 27%. Persoonlike belastingskaalgroeperings word met 5% opgeskuif wat 'n belastingverlaging inhou.

Die staatsinkomste is op twee terreine verhoog, naamlik heffings op brandstof, asook op drank en sigarette. Brandstofheffings word met 27c per liter verhoog, opgedeel in 15c op die normale heffing, 11c op die padongelukfonds en 1c op koolstoflading. Alkoholiese drank en sigarette (insluitende tabak en sigare) se belastingheffing word met 8% verhoog.

Die minister het ook aangekondig dat fondse bewillig word om dit makliker te maak om met besighede te begin, vir die opknapping van grensposte, en fondse vir opgradering van infrastruktuur. Hy het dit beklemtoon dat mense meer gaan betaal vir die opgraderings; die verskuilde kostestyging vir die verbruiker is nie verder op ingegaan nie. Bykomende fondse is bewillig om die Ontvanger se arm te sterk om strenger te waak op belastingontduiking. Covid-19 ontvang R10-miljard vir entstowwe.

Die begroting maak voorsiening vir 'n ekonomiese groeikoers van 3,3% vir die komende jaar, na die vorige jaar se negatiewe groei van 7,2%. Die begroting maak voorsiening dat die land se staatskuld verder sal toeneem tot 88,5% van die land se Bruto Binnelandse Produk waarna dit in 2023/24 weer sal begin daal. Die minister het as tussenwerpsel bygevoeg dat hy nie die bevoegdheid besit vir besnoeiings in staatsuitgawes waar personeel en politici betrokke is nie.

Die Afrikaner

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

Hoe doen ons dit?

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan
admin@hnp.org.za

Ons plaas u advertensie

1. in elke uitgawe van *Die Afrikaner*,
2. een maal per week op *Die Afrikaner* se Facebook-blad, en
3. stuur dit een maal per week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op *Die Afrikaner* in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

Afrikaners help mekaar!
Is u bereid om deel van dié te word?

Skakel gerus met Juanita by
admin@hnp.org.za

Die Program van Beginsels van die HNP — Grondwet vir die Boere-Afrikanervolk

Andries Breytenbach

Toe die HNP op 25 Oktober 1969 tot stand gekom het, het die stigters daarvan ’n program van beginsels aanvaar wat, soos geen politieke beweging vantevore nie, uitdrukking gee aan die wese, karakter en strewe van ons volk. Daarom kan dit tereg voorgehou word as die grondwet vir die Boereoftewel Afrikanervolk. Dit bestaan uit vier hoofstukke, naamlik (1) die naam van die party, (2) die grondslag waarop die party gebou is, (3) die doelstellings van die party en (4) die program van beginsels wat nagestreef word om die genoemde grondslag en doelstellings in die volkslewe tot hul reg te laat kom. In die volgende uitgawes van ***Die Afrikaner*** sal elk van hierdie onderwerpe van naderby beskou en lesers uitgenooi word om aan die bespreking daarvan deel te neem.

Op daardie tydstip in ons geskiedenis (1969) was politieke partye die georganiseerde politieke instrumente waarin kiesers wat dieselfde basiese oortuigings gehuldig het, saamgetrek en getrag het om die landsregering onder die toe geldende grondwet in ’n verkiesing oor te neem. Merkwaardig genoeg, het die grondwet van die land glad nie na politieke partye verwys nie. Kiesers het vir kandidate gestem wat die afgebakende gebied (kiesafdeling) waarin die kieser gewoon het, in die Volksraad moes verteenwoordig. Kandidate sowel as kiesers kon dus **onafhanklik van enige politieke party** wees en ten volle aan die demokratiese prosesse deelneem. Die praktyk het egter getoon dat onafhanklike kandidate gewoonlik maar min steun in verkiesings gekry het. Die politieke party het vanweë sy uitspelling van beleid, propaganda om sy beleid bekend te stel en ’n organisasie wat die kiesers kon bereik en in ’n funksionerende masjien kon saamsnoer, die aanvaarde instrument geword waardeur verkiesings in die land gevoer is. Die feit dat met unifikasie in 1910 ’n bevolking met wyd uiteenlopende lojaliteite, beskouinge en strewes in een staatsverband saamgevoeg is wat op die Britse parlementêre stelsel geskoei was, het noodwendig so ’n bedeling van politieke partye teweeggebring.

Die Program van Beginsels van die HNP is dus aanvanklik in 1969 opgestel vir ’n politieke party wat die potensiaal gehad het om in ’n verkiesing aan bewind te kom. In die huidige omstandighede is dit nie meer van toepassing nie. Derhalwe het die Hoofbestuur die Program van Beginsels hersien om dit meer vaartbelyn en toepaslik vir die huidige omstandighede te maak. Die kern en karakter daarvan het egter onaangetas gebly.

Die ongemagtigde oordrag van die politieke mag in 1994 aan die (swart) meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking het meegebring dat die HNP homself gedistansieer het van die nuwe regime, om van buite die nuwe bestel die stryd verder te voer vir die vryheid van die Afrikaner in ’n eie vaderland. Vandaar dat die HNP nie meer deelneem aan verkiesings nie en die slagkreet “Stem reg, bly weg!” voortdurend weer op die voorgrond plaas. Vanaf 1994 het die HNP algaande sy rol as konvensionele politieke party verbreed na dié van ’n volksfront van die Afrikaner wat op meer terreine as net dié van die politiek, na vryheid en identiteitshandhawing in ’n eie vaderland streef.

Toe die skrywer hiervan by geleentheid aan mnr. Jaap Marais gevra het hoe ’n party kan verseker dat hy suiwer bly, dit wil sê nie geleidelik deur persone oorgeneem word wat beskouinge teenstrydig met die party se beginsels huldig en hom mettertyd laat ontspoor nie (soos wat met die Nasionale Party gebeur het), was sy antwoord: “deur voortdurend klem te lê op die party se beginsels en die uitleef daarvan. Sodoende sal persone wat hulle nie daar kan tuisvoel nie, nie daarby aansluit nie en sal mense wat dit nogtans doen, geïdentifiseer en binne die party geïsoleer word.”

In dié vraag en antwoord lê die rede opgesluit vir die noodsaak van ’n duidelik geformuleerde beginselbasis vir enige liggaam of beweging wat hom op die steun van die volk beroep. Daaraan word so ’n liggaam geken. Daarsonder en slegs met vae emosionele slagkrete word mense maklik emosioneel op sleeptou geneem om (dalk onbedoeld) hulle steun te gee aan instansies wat iets anders in die oog het as wat sulke ondersteuners glo of wil hê. ’n Goeie analoog daarvan vind ons in die kerklike wêreld waar ’n groot getal kerke bestaan wat elk daarop aanspraak maak dat hulle dieselfde Bybel as grondslag het, maar wat nogtans wyd uiteenlopende vertolkings van die Skrifboodskap huldig. Die Gereformeerde kerkvaders het daarom belydenisskrifte geformuleer waarin duidelik verklaar word hóé hulle God se woord verstaan. Dit grens hulle duidelik af van kerkgenootskappe wat ander beskouinge huldig.

(Vervolg op bladsy 10)

Grondroof bly steeds ‘n daad van oorlog

Met die finalisering van ***Die Afrikaner*** was daar slegs enkele dae oor vir individue en instansies om kommentaar te lewer oor die voorgestelde Onteieningswet, wat diefstal van grond en ander bates wettig maak sonder dat die wettige eienaar selfs op vergoeding kan aanspraak maak.

Reeds in 2017 het die HNP die verklaring van die Boere-Afrikanervolksraad in dié verband ondersteun.

Mnr. Andries Breytenbach, leier van die HNP, sê daar het in die byna drie jaar niks verander nie en die HNP is steeds van mening dat hierdie beoogde grondroof as ‘n daad van oorlog beskou word, en daarom staan die HNP steeds by die verklaring van destyds:

“Wanneer ‘n staat of volk ‘n ander volk se grondgebied vir homself toe-eien, lei dit noodwendig tot gewapende konflik. Sedert die vroegste tye was dit die aanvaarde reg van volkere om hul gebiedsintegriteit teen sulke vergrype te verdedig, soos Brittanje byvoorbeeld in 1982 gedoen het toe Argentinië die Falkland-eilande beset het.

“Eweneens is daar baie voorbeelde in die geskiedenis van derde partye wat ingetree het om die territoriale integriteit van kleiner volke te beskerm teen state en regerings wat hul meerdere mag misbruik het om ander te beroof. ‘n Onlangse voorbeeld is die VSA-geleide Golf-oorlog van 1990-1991 teen Irak toe laasgenoemde Kuweit geannekseer het.

“Die Boere-Afrikanervolk het die grondgebied wat hy besit, regmatig verkry. Die feite hieroor is al verskeie kere nagevors in die goed gedokumenteerde geskiedenis van landbesetting en grondbesit in Suid-Afrika, en kan maklik nagegaan word.

“Desnieteenstaande het die ANC herhaaldelik beweer dat die grond wat ons besit, van die swartmense gesteel is . (In hierdie verband is ‘n klag van haatspraak op 21 Januarie 2016 teen die president van Suid-Afrika by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gelê, nadat hy dit in die openbaar gesê het. Die president is uitgedaag om sy bewering te bewys en te verklaar waarom hy die opgetekende geskiedenis van landbesetting ignoreer of verwerp. Die Kommissie het egter die klag in die sand laat verloop en seker gemaak dat daar tot op hede niks van gekom het nie).

“Die ANC se reaksie op die uitdaging om sy ongegronde leuen te bewys, was onder andere ‘n verklaring op 13 Februarie 2017 deur die Adjunkminister van Staatsdiens en Administrasie, me. Ayanda Dlodlo, dat

“The ANC should use its majority in the government to push for the expropriation of land without compensation, because it was ‘stolen in the first place’”.

“The burden of land ownership should never be ours. Those who today claim ownership must prove that land was actually paid for in the 17th and 18th centuries,” het sy gesê.

“Dié denkbeeld is deur historikus prof. Jabulani Maphalala herhaal toe hy gesê het dat “blacks had been dispossessed of their land since as farback as the arrival of whites in the country.”

“Die benadering is blykbaar dat as ’n leuen net lank en dikwels genoeg herhaal word, word dit ‘n aanvaarde “feit” wat nie bewys hoef te word nie.

“Ons verklaar:

1. Die Boere-Afrikanervolk het niemand se land gesteel nie. Die grondgebied wat ons besit, is regmatig en op internasionaal aanvaarde maniere bekom en deur God as erfdeel aan ons toebedeel om te verdedig en te bewaar. Ons mag en sal dit nie prysgee en toelaat dat ons tot besitlose bywoners in Suid-Afrika gedegradeer word nie.
2. Misdaad kan nie gelegitimeer word deur wette in die parlement te aanvaar om dit te “wettig” nie. Daarom sal enige wet van die Parlement wat onteiening van ons land of enige ander eiendom sonder kompensasie, of selfs met kompensasie vir doeleindes anders as dit wat noodsaaklik is vir die skepping van fisiese infrastruktuur, geag word “wettiging” van diefstal van ons eiendom te wees. Ons sal dit nie as legitieme wetgewing erken nie, en in die lig van die voorgenoemde uitsprake van regeringswoordvoerders en die politieke onwil van die regering om sterk op te tree ten einde plaasaanvalle hok te slaan (wat op sigself ‘n vyandige versuim is wat vergelding sou regverdig), sal ons dit as ‘n daad van vyandigheid teen die blanke bevolking ag.
3. Ontneming, onteiening en besetting van ons land kragtens sodanige wet sal beskou word as formele dade van oorlog teen die Boere-Afrikanervolk, waarop ons op ‘n tydstip van ons keuse sal terugslaan met internasionaal aanvaarde middele en metodes ten einde ons eiendomsreg te verdedig en te herstel.”

WERDA GASTEHUIS

Upington akkommodasie

Perfek vir ‘n blaaskans op pad na Namibië of Namakwaland. Ons bied billike selfsorg-akkommodasie vir enkelinge tot gesinne van 6. Alle kamers is toegerus met lugverkoeling, DStv, ‘n klein kombuisie met yskas, mikrogolf en ketel. Eetgerei, linne en handdoeke word voorsien.

Normale prys: R400 vir 2 persone - spesiale afslag vir lesers van ***Die Afrikaner.***

082 338 0934 / admin@werdakamers.co.za

Rassistiese sport

Brittanje was in die ANC se sogenaamde “struggle”-tyd hul grootste beskermers. Die ANC het ‘n kantoor daar gehad, het daarvandaan uitgesaai na die swart Suid-Afrikaners om hulle op te sweep vir revolusie teen die blankes, en hulle is sommer met ponde befonds ook.

Geen wonder nie dat die Britte ook maar so effe die rassekluts kwytgeraak het.

Op hulle eie BBC het aanbieders nou met die bewering vorendag gekom dat ski eintlik ‘n rassistiese sport is. Die rede: die ski-oorde is vol wittes, en daarom is dit rassisties.

Maar die teenoorgestelde sou dan tog ook waar moet wees. Sokker in Suid-Afrika is rassisties. Dis net swart gesigte wat daar gesien word.

Maar per implikasie kan swartes mos nooit rassisties wees nie. Dit is ‘n soort siekte wat net onder die blanke bevolking voorkom, en wat deur Menseregte Kommissies reggedokter moet word met groot boetes en tronkstraf.

*• Die BBC-uitsaaiers het volgens **Sarel** die eintlike punt gemis: sneeu is wit, daarom is die sport rassisties! Binnekort gaan hulle aandring op swart sneeu!*

Gesondheid chaos

Nou ja, uiteindelik het die regte entstof teen Covid-19 gearriveer. Anders as die vorige nuttelose besending, het Cyril Ramaphosa dit nie weer persoonlik op die lughawe in ontvangs gaan neem nie. Hy was seker nog te veel gekwets na die vorige verleentheid.

Hy het darem homself laat inent. Maar o wee, toe is daar ook ‘n probleempie, want op die foto’s wat geneem is van sy inenting, blyk dit dat die suster geen handskoene aan het soos voorgeskryf word nie.

Intussen word gesondheidswerkers eers ingeënt. Hulle moet aanlyn registreer en pakke papiere en dokumente invul.

By die Steve Biko hospitaal in Pretoria daag daar toe onverwags sowat 2 000 gesondheidswerkers op wat ook ‘n spuitjie wil hê. Nie een het ‘n afspraak of papiere nie, maar hulle is daar. Die hospitaal is nie gerat nie. Daar is nie genoeg entstowwe nie en ook nie genoeg werkers om hulle te help nie, selfs al sou daar voorraad gewees het. Koerante beskryf dit as “chaoties”.

• Inderdaad chaoties. Dit is hoe die Suid-Afrikaanse gesondheidstelsel in staatshande daar uitsien. En dan oorweeg hulle sowaar nog ‘n nasionale gesondheidsplan wat alle privaat instellings gaan insluk? Berge val op ons en heuwels bedek ons!

Verdwaal

Met dié dat daar darem weer ‘n bietjie rondgereis mag word na die Covid-huisarres, het **Sarel** besluit om ‘n bietjie see toe te gaan, want hy was lank laas daar.

Hy kry toe ‘n oulike plekkie by die see, daar by Gqeberha. Nou is die groot vraag wat die beste manier is om daar te kom? Mens kan met die motor ry en dalk by Kariega ‘n bietjie oorbly vir die nag om daarvandaan die laaste entjie te ry na Gqeberha.

Sarel besef toe sommer dadelik dat hy daardie plekke nie so goed ken nie, en net soos dit gaan as mens Noord-Transvaal toe gaan, jy sal verdwaal met al die volksvreemde name.

Toe besluit hy maar om ‘n vliegkaartjie te bespreek na die Hoofman Dawid Stuurman Lughawe.

• Ja, dis die laaste belaglike naamsverandering-aankondiging waarmee die regime vorendag gekom het. Port Elizabeth kry nou die naam met die G en q in, net Uitenhage word Kariega, dus is dit duidelik dat Kariega nie iewers in die Kalahari is nie, as mense so begin dink het. En die onbekende Hoofman Dawid Stuurman wie se naam nou beroemd gaan word, is die Port Elizabeth-lughawe. En so verander en vervreem ons net voort, sonder inagneming van die koste daaraan verbonde.

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 7234, Pretoria, 0001
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
012 807 0434

Die Afrikaner is bevoorreg om Sus Lettie se briewe aan Sus Katrien te kan terug hê.

Alet Murray het hierdie briewe van ‘n heelwat jonger Lettie aan ‘n heelwat jonger Katrien geskryf vir ***Die Afrikaner*** in die vroeë tagtigerjare.

Almal het maar saam met die jare gestap, en Alet het ingewillig om die avonture van Lettie en Servaas weer op te tel waar hulle tans ingeperk sit in ‘n ouetehuis..

Liewe sus Katrien

Kyk, as Servaas 'n ding in sy kop kry, keer hy die wêreld behoorlik om. Saterdagoggend het hy my vroeg uit die vere gejaag om die kar te help pak met al ons piekniekgoed asook sy rolle papier met die planne vir die Volkstaat.

Dit was een van daardie pragtige laatsomerdae soos net ons ou Transvaal kan optower. Blouselblou lug met hier en daar 'n watteboltjie-wolkie. Van die bome begin geel blare kry en die geur van ryp gras hang soet op die lug.

Die eerste gaste het reeds nes geskop toe ons langs die witstinkhoutboom stilhou. Martiens het ‘n vuurtjie aangepak en kry sy skottelskaar gereed vir 'n verrassingsontbyt. "Kon nie vanoggend nog 'n sarsie verkleinwoordjies hanteer nie, ons moes net bietjie padgee," mompel hy om sy pyp.

Ons het heerlik gekuier, gebraai en sommer net vars vrye lug gesit en inasem. Toe elkeen uiteindelik met n beker koffie sit, trek Servaas die ringkoek wat ek moes bak nader en beduie met sy broodmes in die lug.

"Vriende, sien julle hierdie koek?" sê hy. "Kyk mooi, in die middel is daar 'n ronde oop ruimte. Dis nou hierdie gedeelte onder die boom waar ons sit. Nou sny ek die koek in twaalf ewegroot snye, dis die grond rondom die ronde oop gebied in die middel. Vriende, ontmoet ons eie Volkstaat! Hier sit ons in die ronde meentgebied en rondom is die twaalf erwe waar ons kan kom nes skop. Wat sê julle?"

Eers is daar 'n verdwaasde stilte. Dan weergalm 'n luide gejuig.

Hermanus spring op. "Bedoel jy dit regtig, Servaas? Kan ons regtig hierheen ontsnap en ons eie ding hier kom doen? " Dan lig hy sy koffiebeker omhoog. "Heildronk op ons Volkstaat vir afgetredenes!" juig hy.

"Vriende," sê Servaas, "hier is 'n kaart met 'n uitleg van die grond en hoe ons dit gaan sny. Daar loop die pad, met die ou opstal langs die hek. Hier in die suid-oostelike hoek is ons drie sterk boorgate. Julle sal ook sien dat 'n paar erwe teen die riviertjie grens, ek het gedink dis vir diegene wat wil groente plant.

"Gaan stap gerus rond, kyk na die kaart en gaan besin goed oor die besluit. Volgende Saterdag kom ons weer hier byeen dan praat ons verder."

Die tweelingbroers Naas en Neels, albei beskeie ingenieurs, het eenkant gestaan en saggies gepraat. Dan kom hulle nader.

"Servaas," sê Neels. "Ons het klaar besluit ons kom. Kan ons maar solank ons woonwa daar by die pompe intrek? Ons gaan help om die waterpype aan te lê." Dan stamp hy aan sy broer.

"En kan ons vir Sarlot ook bring?"

"Sarlot?"

"Sy is 'n bok. Boeta wat boer het haar vir ons gegee. Sy is 'n baie ordentlike bok maar sy het bietjie rondgeloop nou gaan sy kalf.... e..., bok.... ag jy weet wat."

Op pad huis toe, sê Servaas: "Lettie, kan jy kaas maak?"

"Kaas?"

"Ja man van Sarlot wat gaan bok se melk!"

Katrien, het jy miskien nog Ouma se boek met resepte? Ek sien daardie bok gaan meer bokke word en miskien is die nuutste plan van Servaas nie te versmaai nie. Maar vireers bly ek tjoepstil.

Groete vir ou Swaer
Jou liefhebbende
Sus Lettie.

“Maak veiligheidsuitgawes belastingaftrekbaar”, eis TLU SA.

Terwyl die bankrot ANC-bewind in die jongste begroting weer eens belastingbetalers uitmergel deur verhoogde brandstofheffings en hoër as inflasie styging in belasting op drank en sigarette, het TLU SA begin met ‘n veldtog om veiligheidsuitgawes van belasting te verhaal.

Al hoe meer stemme gaan op dat ‘n belastingboikot geloods moet word, veral omdat die blanke belastingbetalers, wat die grootste deel tot die staatskas bydra, niks daarvan terugkry nie. Slegs swart boere en swartes in die toerismebedryf kry hulp, en dit gaan ook so op ander terreine.

TLU SA het egter ‘n ander aanslag met sy veldtog. Soos die Belastingwet tans daar uit sien, verhoed Artikel 23(b) van die Belastingwet Suid-Afrikaners om veiligheidsuitgawes van inkomstebelasting af te trek. “Hoewel besighede reeds sodanige uitgawes kan aftrek, wil TLU SA met hierdie veldtog spesifiek daarop fokus om verbruikers – as deel van die landbou waardeketting – ook hierdie noodsaaklike voordeel te bied,” sê TLU SA in die bekendstelling van die veldtog.

Hulle het ook ‘n lys saamgestel van noodsaaklike uitgawes wat elke huishouding in Suid-Afrika van belasting behoort te kan verhaal:

- veiligheidsmure;
- sekuriteitskameras;
- alarms;
- elektriese omheining;
- lemmetjiesdraad;
- waghonde;
- 24-uur monitering en gewapende reaksie dienste;
- huisversekering;
- ander tuissekuriteitsmaatreëls en -toerusting; en
- uitgawes verwant aan die onderhouding van bogenoemde items.

Die lys sal aangepas word soos wat TLU SA terugvoer ontvang oor bykomende veiligheidsuitgawes.

“Talle Suid-Afrikaners se vryheid is al aangetas omdat hulle slagoffers van misdaad was,” sê mnr. Henry Geldenhuys, die president van TLU SA. “Die Grondwet vereis dat die staat ons beskerm teen sulke aanvalle. Dat die staat geheel en al hierin misluk het, is ooglopend deur net na die staat se eie statistiek te kyk.”

Volgens StatsSA (Statistieke Suid-Afrika) is huisbraak of diefstal die nommer een misdaad in Suid-Afrika. ’n Beraamde 1,2 miljoen gevalle van huisbraak het in die 2019/20 statistiese jaar plaasgevind, en 891 000 huishoudings in ons land geraak. Suid-Afrikaners wat in afgeleë gebiede bly, soos dié op plase, is besonder kwesbaar, aangesien hulle ver weg van enige vorm van bystand bly.

“In die lig van die uiterste gevaar waarin Suid-Afrikaners daagliks verkeer, is dit skandelik dat veiligheidsuitgawes wat deur die belastingbetaler aangegaan word om hulle woning te beveilig, nie van hulle inkomstebelasting afgetrek kan word nie,” sê mnr. Geldenhuys.

Volgens Afdeling 77 van die Grondwet het slegs die minister van finansies – mnr. Tito Mboweni – egter die mag om die bogenoemde wysiging in werking te stel.

“Ons doen ’n beroep op alle vredeliewende Suid-Afrikaners, ongeag van ras, geslag of politiese oortuigings, om met een stem by ons aan te sluit en te eis dat die minister die wet wysig sodat ons onsself kan beskerm,” versoek mnr. Geldenhuys.

Enigiemand kan hierdie petisie deur TLU SA se platform ondersteun deur ‘n e-pos direk aan Minister Mboweni te stuur by hierdie skakel:

https://www.tlu.co.za/vryheid-teen-misdaad/

Program van Beginsels

Van bladsy 6

Ons wil daarom in die volgende uitgawes van ***Die Afrikaner*** die genoemde Program van Beginsels publiseer en dit nader toelig in die vertroue dat dit in hierdie tyd van verdeeldheid en politieke verwarring in Afrikanergeledere, **’n basis sal skep vir groter eensgesindheid onder enersdenkende volksgenote**. Al versamel almal nie onder die sambreel van die HNP nie, huldig ons tog as volk grootliks dieselfde wêreld- en lewensbeskouing, en onderskryf ons bewustelik of onbewustelik dieselfde grondslag en beginsels. Daarom stel die HNP dit as een van sy eerste doelstellings “om as politieke volksfront van die Afrikanerdom, die Afrikaner, wat dwarsdeur sy geskiedenis met groot opoffering en volharding alles in die werk gestel het om ’n eie vaderland te verkry en te behou en om ’n eie regeringsvorm op te bou om hom daardeur te vrywaar van wette en gewoontes van ander volke wat in stryd met sy gewete en nasionale gevoel is, voor te gaan en aan te spoor om die onderhawige grondslag en beginsels te handhaaf en daarvolgens op te tree.”

(Word vervolg)

Woord en wêreld

"Die Here het vir my gesê ..."???



Skrifgedeelte: *2 Tim 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.*

Oordenking: Die uitdrukking wat deesdae so populêr is, "Die Here het vir my gesê..." is só 'n onbybelse uitdrukking! Behalwe dat dit die indruk wil wek dat die geloof stand van die een wat dit sê, so bietjie hoër is as die van die hoorder(s). "God praat tog met my ..." So 'n opgehoopte knippie geloof snobisme.

As ek die Here wil hoor praat, lees ek die Bybel, sy Woord. Die Bybel, God se Woord sê dit self in Timotheüs. Hy het nie nodig om nog vir my te sê nie! Die Skrif is voldoende. Dit behels die volledige openbaring van die Vader deur die Seun Jesus Christus. Hy praat nie meer soos in die Ou Testament deur die direkte Openbaring nie, want deur sy genade het Hy vir ons alles gegee in die Skrif wat Hy vir ons in hierdie wêreld wil sê.

Dat Hy ons die wysheid en leiding skenk en dat ek sy leiding en voorsienigheid mag ervaar is natuurlik so. Hoe beter ek die Woord ken, sien en ervaar

Dr. Gideon Grobler

ek die toepassing in gewone lewens omstandighede! Om voor te gee dat Hy as te ware in my oor gepraat het, verontagsaam die heilige gesag van die Skrif! Dit maak die deur oop vir allerhande vals en onbybelse optrede.

'n Wêreldbekende kerkleier het eenmaal gesê dat as iemand dié uitdrukking gebruik, luister hy nie verder nie, want wat volg moet vals wees.

Gebed: *Hemel Vader, laat ons ons lewensvreugde vind in die studie van U woord en die oordenking daarvan, soos Psalm 1 sê dag en nag!* AMEN

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

Die Afrikaner admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf info@hnp.org.za

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Dr. Gideon Grobler
Mev. Alet Murray

Lesers sê hul sê

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.

(Red.)

Oud-kollega se lof vir Louis vd Schyff

Langs hierdie weg wil Merle en ek ons enige simpatie en opregte medelye oordra aan Magdaleen van der Schyff, die kinders en aan Hermanus (Louis se broer) met die skielike en ontydige heengaan van Louis.

Dit was vir my 'n groot skok om daarvan kennis te neem veral in die lig van die feit dat ons twee nog in November laaslede telefonies in gesprek was.

Ek dink onwillekeurig aan die dae toe ons kollegas was in die kantoor van die HNP en Strydpers. Louis Stofberg (hoofsekretaris van die HNP), oom Danie en tannie Sienie van Staden, Anna Marx, Anna van Deventer en ek (sekretaris/rekenmeester van die HNP en Strydpers) het dikwels met lof gepraat van Louis as lojale, pligsgetroue en vriendelike kollega. Hy het my pligte oorgeneem na my bedanking.

Agter in my eksemplaar van "'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar" het ek twee kort boodskappe geplak, wat Louis aan my geskryf het waarin hy my bedank vir alles wat hy by my geleer het.

Phillip van Ginkel
Plettenbergbaai

Onthou u nog?

Onthou u al die "voorsorgmaatreëls" wat getref is om die "verspreiding van dié virus" "te bekamp"? Soos gesigsmaskers, en "beskermende kleredrag", en "kwarantyne", en byeenkomste wat afgestel is (al was daar reeds daarvoor betaal), en "ontsmetting" van openbare plekke, en mense wat by hulle werksplekke sommer met klere en al "bespuit" moes word en bespuit is met een of ander "wonderkuur"-middel? Wat op die ou end toe maar geblyk het maar niks anders as net doodgewone water, met 'n bietjie stink-toorgoed soos krokodil-asem en buffelsweet by was nie?

Net was die wondere, die ultimate oplossing, dié van apart, geskei van mekaar — apartheid (O GAATS!!!) — te wees, fisies, sosiaal, of hoe ook al, nog nie uitgevind nie.

Of dokters wat verplig was en geword is, om ALLE sterfgevalle aan hierdie wilde, woeste Antraks-gogga toe te skryf nie.

Onthou u nog?

En die, soos dit later maar baie suutjies en stilletjies geblyk het, der biljoene wat 'n klein handjievol bevoorregte vriendjies, breed-glimlaggend, al die pad bank toe, daaruit gemaak het?

Onthou u nog?

En onthou u hoe dit NET die HNP was wat sommer vroeg-vroeg al snuf in die neus gekry het oor hierdie — WEER eense — beliegting van die massas deur genoemde mediagoeters? En dit openlik gesê het? En hoe die HNP daaroor gekruisig was? Hoe die HNP so min of meer hoogverraad, sedisie, of só iets sou gepleeg het deur dié moontlikheid te noem?

Onthou u nog?

Dit was so 20 jaar gelede. Lank genoeg vir 'n goedgelowige, en maklik-beliegbare massa om te kon vergeet het. En ALWEER lekker skrik gemaak te kan word. Vir enkeles om GROOT geld daaruit te maak.

Die parallelle vandag is werklik merkwaardig! Behalwe net, dat dit hierdie keer heelwaarskynlik in die TRILjoene sal gaan draai ....

Darem 'n neukery dié, nè, dat party mense se geheue só lank is ....?

Johan Wiesner
Verwoerdburg

Ons Facebook-volgelinge reageer oor...:

...Lesufi geskok oor R549 miljoen om skole "skoon" te kry

John Smith: Weer eens bewys dat die ANC geen benul van bestuur en beheer het nie. Dan kom hul so kenmerkend en beskuldig iemand anders vir my foute.

Bennie Taljaard: Kom ou Lesufi, laat ons sien of jy ook kan pa-staan vir jou dade. Of word die vinger net weer gewys?As 'n onnie op fudge dan word die hoof afgedank... Jy is mos die LUR ou grote.

Kobus van Rooyen: Geskok oor hulle so min gesteel het.

Buiteland

kortliks



Trump onskuldig

Oud-president Donald Trump van Amerika het ook die tweede staat van beskuldiging teen hom oorleef.

Selfs nadat hy uitgetree het, het die linkse Demokrate probeer om hom skuldig te kry omdat hy kwansuis die mense opgesweep het om die Amerikaanse parlementsgebou aan te val. Selfs met ‘n paar Republikeinse verraaiers aan hul kant, kon die Demokrate nie die tweederde meerderheid kry wat nodig was om Trump skuldig te kry, en hom daardeur lewenslank uit die politiek te verban nie.

Debat oor energie

Steeds in Amerika is daar groot debatte aan die gang oor die wenslikheid en werkbaarheid van sogenaamde groen energie. Dit sluit in die gebruik van wind en son vir die opwek van energie, in teenstelling tot gas, steenkool en kernenergie.

Texas het een van sy koudste winters in dekades gehad, en die elektrisiteitsnetwerk het in duie gestort. Mense kon nie hulle huise verwarm of kos kook nie. Mense het selfs van hulle meubels gebrand net om hitte en warm kos te kry.

Texas is al geruime tyd trots daarop dat hy geweldig gebruik maak van groen energie. Maar met die sneeu en koue, was daar geen son nie, met die gevolg dat dit nie gewerk het nie, en die onbetroubaarheid van windenergie het ook nie bygedra tot die oplossing nie. Inteendeel!

Stemme gaan nou op dat daar nie so sterk gesteun moet word op groen energie nie, maar die ander argumente is dat dit hoofsaaklik in die winter misluk. As daar genoeg wind en son in die somer is, kan dit werk maar die winter is ‘n ander saak.

Marine le Pen aangekla

Die regse Franse leier, Marine le Pen, wat so byna die huidige sosialistiese president, Macron, bloedneus gegee het tydens die laaste presidentsverkiesing, is aangekla en gaan voor die hof verskyn.

Die klagte teen haar is dat sy video’s versprei het van wat die Islamitiese terreurgroep, ISIS, doen. Sy het dit gedoen nadat die terroriste in Parys sowat 130 mense vermoor het in van hulle optredes.

Die vrees is dat die hof bevooroordeeld teenoor haar kan wees. Frankryk wil nie graag die gevaar van vreemdelinge en terreurgroepe erken nie, terwyl dit juis dié Europese land is wat die meeste deur hulle geteiken word.

Politieke oorgawe aan die ANC

- Wat was die redes dat ‘n suksesvolle en vooruitstrewende Suid-Afrika aan ‘n onbevoegde en kommunistiese regime oorhandig is tot vernietiging van Suid-Afrika as Eerste Wêreldland?
- Kon dié vernietigende politieke proses gestuit word?
- Watter rol het die HNP in dié proses gespeel?

Dié politieke geskiedenis is nou in boekvorm
en op video beskikbaar.
Hierdie waardevolle en insiggewende politieke geskiedenis
van die laaste 50 jaar is van onskatbare waarde
vir elkeen vandag en vir die nageslag.

Koop u album, video of geheuestokkie NOU

‘n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

- Hierdie gedenkalbum beslaan 388 A4-bladsye.
- Dit is op glanspapier gedruk met kleurfoto’s.

R600 per boek.

R100 koerierkoste

Bestel by **info@hnp.org.za**

“Sy doodkry was (nog steeds) nie”



‘n Stel van 8 DVD’s (ook op ‘n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor dié afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige videomateriaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak) of ‘n geheuestokkie.